

# Nuwe Lied Bediening

*Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofprijsing tot ons God sodat baie dit sal sien en respekvol vrees en op Yahuah vertrou. Ps.40:3.*

Yeshua is die Boom van die Lewe. Wanneer ons die Torah bestudeer moet ons onthou dat Yeshua, Die Gesalfde Een, die Lewende Torah is – die Woord van יהוה wat vlees geword het. Hy is die weg na die waarheid wat lewe gee – die Lewende Manna wat uit die hemel gestuur is. Sonder Yeshua wat deur die Afgesonderde Gees in ons, en deur ons lewe, sal die geskrewe Torah net die dooie letter van die wet wees!!

**Yeshua is die hart van die Vader!**

## Parashah 2: Noach – Noag

*Hierdie is die geskiedenis van Noag. Noag was in sy tyd 'n onskuldige, opregte man met integriteit. God was tevrede met Noag. Gen. 6:9 – PWL<sup>1</sup>*

**Torah : Genesis 6:9 tot 11:32.**

**Haftorah: Jes. 54:1 tot 55:5.**

**Nuwe Verbond:** Matt. 24:36 tot 39; Hebr. 11:7; 1 Pet. 3:18 tot 22; 2 Pet. 2:5; Open. 14:8; 16:19; 17:1 tot 17; 18:1 tot 24.

**Skriftestudie:** Die Verbond en die Torah: God van die Verbond.

**H**ierdie notas is aanvullend tot die vorige vier jaar se notas vir Parashah 2 wat afgelaai kan word by: [http://nuwelied.info/?page\\_id=1182](http://nuwelied.info/?page_id=1182)

*Ons lewe moet so ingerig wees dat ons elke dag in die voetspore van ons Rabbi Y'shua loop en dit nie net eenkeer per dag toevallig kruis nie – Hein Zentgraf.*

*A woman's heart should be so hidden in God that a man has to seek Him just to find her – Max Lucado.*

*The modern church has gone right around the globe preaching the Sinner's Prayer. But what if it is simply another product of our instant "drive-thru" culture? A kind of McSalvation to get people into our modern McChurch? – Andrew Strom.*

*Cheap grace is the theology that expects the benefits of grace without the sacrifice of obedience – Bonhoefer.*

<sup>1</sup> Alle teksverwysings is geneem uit PWL (Pad van Waarheid tot die Lewe) Vertaling ([www.padwlewe.ch](http://www.padwlewe.ch)), behalwe waar anders vermeld. Om 'n kopie van die Bybel te bekom kan Gerrie Coetzee per e-pos by [gerrie@padwlewe.ch](mailto:gerrie@padwlewe.ch) gekontak word of telefonies by 074 361 2134

## Torah Bespreking

### Hersiening

Die einde van die Torahsiklus is altyd ‘n geleentheid vir ‘n nuwe begin en ‘n nuwe geleentheid om ons Vader se hart, soos dit aan die begin van Sy geskrewe Woord aan ons openbaar word, beter te verstaan. Indien ons die begin verstaan, naamlik YHVH se doel met dit wat Hy aan die begin geskape het, sal ons die einde ook beter kan verstaan!

Die gesindheid waarmee ons יהוה se Torah, en Sy Woord bestudeer moet een wees van nederige afhanklikheid en ‘n leerbare gees, want ons moet altyd onthou dat ons slegs ten dele ken (1Kor. 13:9-19)! Ons moet יהוה se Woord met gretigheid ontvang, maar ons moet self die Skrifte ondersoek en op die Afgesonderde Gees vertrou om te bevestig of dit die waarheid is (Hand. 17:11).

Die Skrifte is יהוה se boek van onverdiende guns en die geskeidenis van Noag is die bewys daarvan!

### Onverdiende Guns

Aan die begin van Torahskriflesing 2 moet ons egter Gen. 6:8 saam met vers 9 lees, naamlik: Noag het egter guns (genade) gevind in die oë van יהוה.

*Genade* (Hebreeus: *chen* vanaf die grondwoord *chanan*) beteken *onverdiende guns* en dit is *om met welwillendheid vooroor na ‘n ondergeskikte te buig en guns te verleen (bied)*.

Gen. 6:9 lees in die 1933 vertaling soos volg:

Dit is die geskiedenis van Noag. Noag was ‘n **regverdige, opregte** man onder sy tydgenote. Noag het met God **gewandel**.

*Regverdig* (Hebreeus: *tzaddik*) beteken om onskuldig in die oë van YHVH te wees. Gen. 7:1 is bevestiging:

יהוה het vir Noag gesê: “Kom in die ark in, jy en jou hele huisgesin, want Ek het gesien dat jy, in hierdie geslag, alleen onskuldig en opreg is voor My.

*Opreg* (Hebreeus: *tameem*) beteken volmaak, met integriteit en vlekkeloos. In Matt. 5:48 sê Yeshua dat ons volmaak (geestelik volwasse, vlekkeloos; iemand met integriteit) moet wees.

*Gewandel* (Hebreeus: *halak / halach*) beteken ‘n handeling wat van Noag se kant gekom het. Noag het dus gekies om saam met יהוה te wandel – dit ten spyte van ‘n verdorwe samelewing (Gen. 6:11 en 12). Hy het gekies om gehoorsaam te wees, soos wat Gen. 6:22 bevestig:

Noag het dit alles gedoen, presies net soos God hom beveel het, so het hy gedoen.

Opsommend: Volgens Gen. 6:8 en 9 leer ons dat Noag op grond van onverdiende guns regverdig verklaar was en dat hy het as geregverdigde volgens יהוה se onderrig en instruksies geleef het! Maar die belangrikste is dat Noag ‘n keuse gemaak het om saam met יהוה te wandel! Noag het lewe en dus die seëninge gekies!

Ek roep die hemel en die aarde vandag as getuies teen julle; dat ek lewe en dood voor julle geplaas het, die seën en die vloek. Kies dus die lewe sodat jy kan lewe, jy en jou nageslag. Deut. 30:19

**Onthou:** Die mens se wil is soewerein!! יהוה kan nie die mens se wil verander nie, maar kan dit slegs beïnvloed deur omstandighede te skep wat die mens kan ‘dwing’ om die regte keuses te maak. In Noag se tyd het elke mens dus die keuse gehad om saam met יהוה te wandel en ook, soos Noag, regverdig en opreg verklaar te word.

Die geskiedenis van Noag is ‘n sinnebeeld van die einde van die eeue. Daarom het Yeshua gesê:

<sup>26</sup>Net soos dit was in die dae van Noag, net so sal dit ook wees in die dae van die Seun van die mens: <sup>27</sup>hulle het geëet, gedrink, getrou en in die huwelik weggegee tot op die dag dat Noag in die ark ingegaan het, die vloed gekom en almal vernietig het. Luk. 17:26-27.

Maar let op wat het Yeshua die klem geplaas! Nie op die morele verval, naamlik op die boosheid van die mens wat groot was nie (Gen. 6:5), maar die klem was op die feit dat die mensdom voortgegaan het asof die oordeel van יהוה nie voor die deur was nie! Dit ten spyte daarvan dat Noag deur die jarelange bou van die ark getuig het van יהוה se komende oordeel! Die skrywer van die brief aan die Hebreërs stel dit baie duidelik:

Deur vertrou het Noag, toe daar met hom gepraat is oor die dinge wat nog nie gesien is nie, aanbid en die ark vir homself gebou vir die lewe van die kinders in sy huishouding, waardeur hy die wêreld veroordeel het en hy die erfgenaam geword het van onpartydige opregtheid, wat in vertrou is. Heb. 11:7.

Ons leef in die tyd waar die geskiedenis herhaal word! Ten spyte van die sigbare tekens in die hemel en op die aarde, en waarvan die Skrifte ons waarsku dat aan die einde van die eeue sal hierdie dinge gebeur, gaan die massas voort asof יהוה se oordeel nooit gaan kom nie!

En soos in die dae van Noag sal daar weinig siele wees wat die “hemelse ark” sal ingaan en יהוה se oordeel sal vryspring, dit ten spyte van God se lankmoedigheid (1 Pet. 3:20)! Yeshua het dit bevestig toe Hy gesê het:

<sup>21</sup>Nie elkeen wat vir My sê: ‘My Meester, my Meester,’ sal ingaan in die Koninkryk van die hemel nie, maar hy wat die wil van My Vader, wat in die hemel is, doen.

<sup>22</sup> Op daardie dag sal baie vir My sê: ‘My Meester, my Meester, het ons nie in U Karakter en Outoriteit (Naam) geprofeteer en in U Karakter en Outoriteit demone uitgedryf en in U Karakter en Outoriteit baie kragtige dade gedoen nie?’

<sup>23</sup>Dan sal Ek vir hulle sê: ‘Ek het van die begin van tyd af nie met julle ‘n verbondsooreenkoms gehad nie. Gaan ver weg van My af, julle wat teen die wet werk!’ Matt. 7:21-23.

## Bepeins of Bespreek

1. Wat is van die belangrikste lesse wat ons uit hierdie week se Torahskriflesing leer?

- Moenie ‘die boot verpas nie’, want daar gaan ‘n dag kom wat יהוה-God weer die aarde en die mens gaan oordeel!! Is יהוה se genade tydperk nie vinnig besig om tot ‘n einde te kom nie? Vergelyk Matt. 7:13 tot 23, veral verse 13, 14 en 21 tot 23. In die dae van Noag was daar min regverdiges en in die einde van tye sal daar ook min regverdiges wees (Matt. 7:13 en 14; Matt. 7:21 tot 23)! Is jy besig om vir jou ‘n ‘ark’ van redding

te bou? Is vertroue in Yeshua as Messias en Torah-gehoorsaamheid soos dit in Yeshua vervul is jou 'ark' wat jy bou?

*I bet you there will be people in hell saying, 'I thought there was no condemnation for those in Christ Jesus.'* – G.A. Jarquin.

- Volgens YHVH se plan is daar 'n siklus van 'n skepping wat vernietig word en herskep (herstel) word. Ons het dit reeds in Genesis hoofstuk 1 geleer, naamlik dat daar 'n tydperk voor Gen. 1:1 was, en dit was weer in die dae van Noag so en dit sal weer aan die einde van die eeue herhaal word. Verwys Jes. 46:9 en 10.
2. Volgens die Afrikaanse vertaling van 1933 lees Gen 6:11 soos volg: *Maar die aarde was verdorwe voor die aangesig van God, en die aarde was vol geweld* (Hebreeus vir geweld is *chamas* (חַמָּס) en beteken *geweldadigheid, verkeerdhede en wreedheid*. Is hierdie 'n blote toevalligheid of is daar 'n verband met die huidige Hamas terroriste organisasie? Is Hamas deel van יהוה se oordeel van Israel? Verwys ondermeer Amos 1 en 2.

## Haftorah Bespreking: Jes. 54:1 tot 55

### Die Nageslag van Abraham

<sup>2</sup>Maak die plek van jou tent groter; rek die afskortings van jou blyplek uit, wees nie spaarsamig nie; maak jou lyne lank en versterk jou penne,  
<sup>3</sup>want jy sal na regs en na links uitbrei en jou nageslag sal nasies besit en verwoeste stede herbevolk. Jes. 54:2-3.

Die nageslag verwys na die *saad* (*zarah*). Dit verwys dus na die nageslag van Abraham aan wie die land Israel volgens die belofte gegee was. (Gen. 12:7; Gen.13:14 tot 16; Gen. 15:5, 13 en 18; Gen. 16:10; Gen. 17:7; Gen. 22:17 en 18; Gen. 28:14).

Die vraag is dus wie is die nageslag van Abraham? Paulus gee vir ons die antwoord in Gal. 3:7-9:

<sup>7</sup>Weet daarom dat dié wat uit die vertroue is, hulle is kinders van Avraham.  
<sup>8</sup>God het van voor dít af geweet dat die ander nasies deur vertroue onskuldig verklaar sou word voordat aan Avraham die goeie boodskap verkondig is, soos die afgesonderde Skrifte sê: "In jou sal al die nasies geseën word."  
<sup>9</sup>So word die wat vertrou, geseën saam met die vertrouende Avraham,

Hiervolgens is dit duidelik dat elkeen wat deur vertroue in Yeshua as die gekruisigde en opgestane sondoffer regverdig verklaar is, is die nageslag van Abraham – die geestelike nageslag van ons aartsvader van die vertroue. Die nageslag van Abraham wat יהוה as Sy volk beskou, is nie net die gelowige vleeslike nasate van Abraham, Isak en Jakob nie, maar ook die gelowige vreemdelinge (onbesnedene; nie-Jode).

As gevolg hiervan sal iemand deur vertroue, wat uit onverdiende guns is, onskuldig verklaar word en sal die belofte seker wees vir al sy saad; nie alleen vir dié wat uit die geskrewe wet is nie, maar ook vir dié wat uit die vertroue van Avraham is, die vader van ons almal. Rom. 4:16

In Yeshua word almal saamgevoeg as afgesonderdes (heiliges) en huisgenote van God wat gebou word op die fondament van die apostels en profete, terwyl Yeshua Messias self die Hoeksteen is.

<sup>19</sup>Julle is daarom nie meer vreemdelinge en besoekers nie, maar inwoners van die Stad van die Afgesonderde Een en kinders van die familie van God.

<sup>20</sup>Julle word opgebou op die fondasie van die afgevaardigdes en die profete, met Yeshua, Die Gesalfde Een, self die Hoeksteen van die gebou. Efes. 2:19 en 20.

Ons wat vroeër vreemdelinge was en onbesnedenes genoem word, en wat ook vevreemd was van die verbonde en burgerskap van Israel, het deur vertroue in Yeshua Messias medeburgers van יהוה se volk geword (Ef. 2:11 tot 13 en 19).

Die Verlosser van Israel (Jes. 54:5) is ook die Verlosser van elke vreemdeling (onbesnedene; nie-Jood), want Hy is die God van die hele aarde wat elkeen wat glo in Yeshua as die Messias deel van Sy bruid maak.

Die plek van die tent van Israel het groter geword toe die vreemdelinge deur die onverdiende guns van יהוה, en deur vertroue in Yeshua as Die Gesalfde Een, deel van Israel geword het. Tesame met die oorblyfsel van die fisiese nageslag van Abraham (Rom. 11:5), wat ook deur vertroue in Yeshua gered is, is die profetiese woorde van Jes. 54:2 en 3 vervul!

Skriptuurlike Israel se grondgebied is nie die huidige staat van Israel nie, maar wel die hele aarde, want dit behoort alles aan יהוה-God.

<sup>7</sup>want God is die Koning van die hele aarde! Sing en maak musiek met insig.

<sup>8</sup>יהוה regeer oor die ander nasies; יהוה sit op Sy afgesonderde troon. Ps. 47:7-8

Die ware (Skriptuurlike) Israel het na regs en na links uitgebrei en die nageslag van Abraham – die nageslag van vertroue in Yeshua – het verwoeste stede herbevolk. En soos Abraham het ons ‘n verlangende verwagting na die stad met fondasies deur God, die Argitek en Bouer (Heb. 11:10) – ‘n nuwe aarde en ‘n nuwe Jerusalem soos Openbaring 21 ons leer.

Laat ons onder die Koningskap en Priesterskap van Yeshua in die voetspore van die geloofsreuse van ons aardsvaders stap met dieselfde verwagting:

<sup>13</sup>In vertroue is hulle almal dood, sonder om die beloftes te ontvang, maar hulle het dit op ‘n afstand gesien en hulleself daarin verheug en het erken dat hulle vreemdelinge en nomades op aarde is

<sup>14</sup>want die wat sulke dinge sê, wys dat hulle vir hulle ‘n stad soek.

<sup>15</sup>As hulle na dié stad waaruit hulle weggetrek het, gesoek het, was daar vir hulle tyd om weer daarheen terug te gaan,

<sup>16</sup>maar nou is dit duidelik dat hulle na ‘n beter een verlang; na dit wat in die hemel is; daarom skaam God Hom nie vir hulle om hulle God genoem te word nie, want Hy het vir hulle ‘n stad voorberei. Heb. 11:13-16.

## **Bepeins of Bespreek**

1. Tot en met die volledige herstel van alles tot soos wat dit was voor die sondeval, moet ons oë nie op die fisiese Israel en die fisiese Jerusalem gevestig wees nie, maar wel op die geestelike wat in die einde van eeue weer in die fisiese sal manifesteer. Hierdie feit kom duidelik na vore in Gal. 4:20 tot 31 waar Paulus vir Sarah en Hagar as voorbeeld van die twee verbonde vergelyk. In verse 22 tot 26 word die huidige Jerusalem vergelyk met

Hagar wat in slawerny is, terwyl die hemelse Jerusalem wat vry is, met Sarah vergelyk word.

Rabbynse Judaïsme is dus steeds die kinders van Hagar wat in slawerny vasgevang is omrede hulle Yeshua as Messias verwerp het!

### **Die wapens wat teen jou gevorm word**

Geen wapen wat teen jou gevorm word, sal voorspoedig wees nie en elke tong wat jou beskuldig in oordeel, sal jy veroordeel. Dit is die erfenis van die diensknegte van יהוה en hulle vrypraak is van My,” verklaar יהוה. Jes. 54:17.

Hoewel יהוה beide die wapenvervaardiger en die verderwer geskape het (Jes. 54:16), is dit duidelik dat beide niks teen die regverdige sal uitrig nie. Aanvanklik mag dit blyk asof die vyand die oorwinning sal behaal, maar uiteindelik is dit die regverdige wat sal oorwin!

Dieselfde geld vir diegene wat jou aanval deur valse beskuldigings of woorde van vernedering. Uiteindelik sal dit die waarheid wees wat jou teenstanders sal oordeel. Die waarheid is jou vrypraak, maar jou vyand se oordeel!

Oorwinning oor die vyand is die erfenis van die vrygespreekte diensknegte van יהוה!

Hierdie teksvers (Jes. 54:17) word vrylik aangehaal wanneer ‘geestelike oorlogvoering’ gedoen word. Dit is egter noodsaaklik om hierdie vers in konteks te verklaar en daarom is die vraag: Na wie verwys die “jy” in hierdie teksvers? Volgens Jes. 54:14 is dit hy wat deur onpartydige opregtheid (geregtigheid) gevestig word!

In onpartydige opregtheid sal jy gevestig word; ver van onderdrukking, want jy sal nie vrees nie en ver van verskrikking, want dit sal nie naby jou kom nie.

Wat is YHVH se onpartydige opregtheid? Die antwoord word reeds in die ou verbond deur Jesaja vir ons gegee:

Hulle sal van My sê: ‘Alleen in יהוה is onpartydige opregtheid en sterkte.’ Mense sal na Hom toe kom en almal wat vir Hom kwaad was, sal beskaamd gemaak word. Jes. 45:24

En in Ps. 119:172 lees ons dat יהוה se gebooie (Sy Torah) is onpartydige opregtheid. Die Torah is יהוה se voorskrif en standaard van onpartydige opregtheid! En hierdie onpartydige opregtheid is alleenlik in Yeshua Messias te vinde. Daarom het Yeshua gesê:

maar soek eerste die Koninkryk van God en Sy onpartydige opregtheid en al hierdie dinge sal ook vir julle bygesit word. Matt. 6:33.

YHVH se onpartydige opregtheid bestaan uit vertroue in Yeshua as die gekruisigde en opgestane Messias tot sondevergifnis en uit ‘n ywer om gehoorsaam te wees aan al יהוה se onderrig en instruksies soos in Yeshua vervul is! Om Yeshua as Messias te bely en jou vreugde in Sy Torah te vind, is die onpartydige opregtheid van God in Yeshua (2 Kor. 5:21).

In die lig hiervan weet ons dat hy wat deur vertroue in Yeshua יהוה se onpartydige opregtheid doen, die een is wat deur יהוה se onpartydige opregtheid gevestig word, en dit is hy teen wie geen wapen voorspoedig sal wees nie en dit is hy wat die tonge van die vyand deur die waarheid sal oordeel.

Ons vertroue in Yeshua as die Lam van God moet dus gepaardgaan met die doen van יהוה se onpartydige opregtheid!

יהוה, wie mag bly in U tent? Wie mag woon op U afgesonderde berg? Hy wat met integriteit loop, onpartydige opregtheid doen en wat die waarheid praat in sy verstand, wil en emosie. Ps. 15:2-3.

### **Bepeins of Bespreek**

1. Satan loop rond soos 'n brullende leeu op soek na wie hy kan veslind (1 Pet. 5:8) en hy is die een wat kom om te steel, te slag en te verwoes (Joh. 10:10a). Kan ons Satan effektief weerstaan indien ons nie יהוה se onpartydige opregtheid doen nie? Lees ook Jak. 4:6 tot 10. Hoekom verhef talle mense hulle stem, en skreeu selfs op Satan, wanneer hulle 'geestelike oorlogvoering' doen? Probeer hulle Satan "bang" maak of intimideer? Word Satan nie juis "bang en ge-intimideer" wanneer ons onpartydige opregtheid doen, naamlik deur Torah-gehoorsaamheid nie?

### **Almal wat dors het**

"O, elkeen wat dors het, kom na die waters en wie geen geld het nie, kom, koop en eet. Kom, koop wyn en melk sonder geld en sonder prys. Jes. 55:1

Eerstens is dit belangrik om daarop te let dat hierdie uitnodiging aan almal gerig word! Die enigste vereiste om gratis te ontvang wat יהוה aanbied, is om dors te wees! Elkeen wat 'n besef van geestelike armoede het (Matt. 5:3) en wat verlang om versadig te word, is welkom.

Tweedens verwys hierdie teksvers na die geestelike waters wat die dors van elkeen se gees en siel vir ewig sal les! Yeshua het hierdie uitnodiging om te kom na die waters bevestig toe Hy op die laaste dag van die groot fees (*Sukkot*) uitgeroep en gesê het:

<sup>37</sup>Op die laaste groot dag (Hoshana Rabbah) van die fees, het Yeshua opgestaan en verklaar: "As iemand dors het, laat hom na My toe kom en drink!

<sup>38</sup>Elkeen wat in My vertrou, soos die Skrif sê: 'Riviere van lewende water sal uit sy binneste vloei'."

<sup>39</sup>Dit het Hy gesê van die Gees, waarvoor dié wat in Hom vertrou, voorberei word om Hom te ontvang, want die Gees was nog nie gegee nie omdat Yeshua nog nie opgelig en vereer is nie. Joh. 7:37-39.

Yeshua is die Lewende Water (Joh. 4:10) en Hy is ook die Brood van God wat uit die hemel neergedaal het (Joh. 6:33). Die mens se geestelike dors kan alleenlik deur vertroue in Yeshua en deur vulling met die Afgesonderde Gees geles word. En die mens kan alleenlik geestelik versadig word deur te eet van Lewende Woord (Joh. 6:35 en 48).

Derdens kan ons vra: Hoe koop ek sonder geld? Is dit nie 'n teenstrydigheid nie? Dit wat יהוה ons bied kan geld nie koop nie, maar ek het wel iets kosbaar wat ek in ruil vir dit wat יהוה bied kan gee, naamlik my wil, denke en emosie! Dit is die "geld" waarmee יהוה wil hê ek moet "koop", naamlik om my liggaam (hele wese) beskikbaar te stel as lewende, afgesonderde en aanvaarbare offer vir God.

<sup>1</sup>My broers, daarom smee ek julle, deur die guns van God dat julle jul liggame beskikbaar stel as lewende, afgesonderde en aanvaarbare offers vir God; dit is julle logiese dienswerk

<sup>2</sup>en moenie hierdie wêreld navolg nie, maar word verander deur die vernuwing van julle denke en julle sal kan onderskei wat die goeie, aanvaarbare en volmaakte wil van God is. Rom. 12:1-2.

Wanneer ons bereid is om alles van die eie-ek prys te gee in ruil vir wat יהוה bied, dan sal ons drink van die Lewende Water en eet van die Brood van die Lewe en alleenlik dan sal ons nooit dors of honger (gebrek) ly nie – nie fisies of geestelik nie!

### **Bepeins of Bespreek**

1. Ek het al dikwels hierdie vraag gevra: Hoekom word daar so min lering deur die leiers van die Messiaanse Beweging gegee oor die doop met die Afgesonderde Gees en die gepaardgaande gawes van die Gees? Vulling met die Afgesonderde Gees is tog een van die mees belangrikste seëninge van die nuwe verbond!! Juis dit maak dat die nuwe verbond ‘n beter verbond as die ou verbond is (Heb. 8:6)! Luister wat het Andrew Murray in 1859 in sy boek: “Die Volle Pinksterseën” geskryf:

“Daarom is dit van soveel belang vir ons om na die Pinksterdag terug te gaan en nie te rus voordat ons volkome verstaan en ontvang en ondervind wat God op daardie dag aan Sy gemeente geskenk het nie. As ons sien hoe daardie seën vir die eerste keer uit die hemel gegee is, watter gesindheid die dissipels ontvanklik gemaak het vir die Gees, dan weet ons ook wat om te doen om ook daardie seën te geniet. Die eerste dissipels is ons voorbeeld; hulle is ons voorgangers op die weg na die volheid van die Gees”.

2. Onthou: Rabbynse Judaïsme kan nie die volheid van die Pinksterseën ontvang nie, want hulle het Yeshua, die een wat met die Gees doop (Mark. 1:8), verwerp! Daarom kan Kabbalah ondermeer beskou word as Judaïsme se “alternatief” vir vulling met die Afgesonderde Gees.

### **‘n Verkwisting van tyd en energie!**

Waarom spandeer julle geld vir wat geen brood is nie en julle salaris op wat nie kan versadig nie? Luister versigtig na My en eet wat goed is en verheug jouself in oorvloed. Jes. 55:2.

Rykdom, sukses, aansien en die genietinge van die wêreldse is slegs tydelike bevrediging. Dit het geen ewigheidswaarde nie. Nogtans is dit die doelwit van die meerderheid mense; net om telkens te besef dat dit geen versadiging bied nie. Dit wat die wêreld bied is nooit genoeg nie en veroorsaak net die soeke na nog meer!! Onthou die volgende waarheid: *You cannot kill fire with fire!!*

Hierdie toestand het Yeshua by wyse van ‘n gelykenis verduidelik:

<sup>16</sup>Hy vertel vir hulle hierdie vergelykende storie: “ ‘n Sekere ryk man se grond het baie voortgebring

<sup>17</sup>en hy het by homself gedink en gesê: ‘Wat sal ek doen, want ek het geen plek waarin ek my oes kan bymekaarmaak nie?’

<sup>18</sup>Hy sê: ‘Dit sal ek doen: ek sal my skure afbreek en groter skure bou en ek sal al my opbrengste en my goed daarin bymekaarmaak

<sup>19</sup>en ek sal vir myself sê: “Jy, jy het baie goed wat gestoor is en wat baie jare sal hou; rus, eet, drink en wees vrolik.”

<sup>20</sup>God het egter vir hom gesê: ‘Jou dwaas, in hierdie nag sal jou gees van jou teruggeneem word en wat jy voorberei het, wie s’n sal dit wees?’



**21** So gaan dit met hom wat vir homself skatte bymekaarmaak en nie ryk is in God nie.”  
Luk. 12:16 tot 21.

Daarom het Yeshua gesê dat ons nie skatte op aarde bymekaar moet maak waar mot en roes dit verniel en diewe dit steel nie, maar dat ons hemelse skatte moet vergader (Matt. 6:19 en 20).

Wanneer ons eerstens die koninkryk van God en sy onpartydige opregtheid soek, dan sal alles wat ons nodig het vir ons bygevoeg word (Matt. 6:33). Dan kan ons lewe in oorvloed ervaar (Joh. 10:10).

### **Bepeins of Bespreek**

1. Ons moet tevrede wees met wat ons het (Heb. 13:5), maar ook woeker met ons vermoëns. Wanneer is ambisie, asook die ywer om materiële doelwitte te bereik en suksesvol te wees gelykstaande aan “ontevredenheid”? Die moontlike antwoord in Matt. 6:33?
2. Jes. 55:2 het ook ‘n geestelike betekenis, naamlik om versadig te word met die waarheid van God se Woord. Verwys Eseg. 3:1-3.

## **Skriftestudie**

### **Die Verbond en die Torah**

#### **Lering 1: God van die Verbond**

Die sluit van verbonde vind in ons hedendaagse samelewing nie meer plaas nie. In toeka se dae was dit egter ‘n algemene praktyk wat die versekering gegee het van vrede, samewerking, beskerming en hulpverlening tussen twee persone of twee groepe mense!

Hedendaags is die sluit van ‘n verbond vervang deur die sluit van ‘n ooreenkoms, of ‘n verdrag of ‘n kontrak. Maar daar is een baie belangrike en wesenlike verskil tussen die sluit van ‘n verbond en die sluit van ‘n ooreenkoms, ‘n verdrag en ‘n kontrak. Laasgenoemde word uit selfsug en weens wantroue gesluit, want die doel is die beskerming van eie belange. ‘n Verbond is egter ‘n onselfsugtige ooreenkoms waardeur beide partye mekaar se belange bo eie belange stel.

Die verbreking van ‘n verbond het die doodstraf behels vir die skuldige party. Dit onderstreep die erns waarmee ‘n verbond beskou word! Dit is ook die erns waarmee יהוה ‘n verbond beskou.

Bevestiging hiervan sien ons toe Israel die bloedverbond, bekend as die boek van die verbond (Ex. 24:7), verbreek het deur die aanbidding van die goue kalf. Israel het die doodstraf verdien en daarom het יהוה aan Moses gesê:

**9** יהוה het vir Moshe gesê: “Ek het hierdie volk gesien en, let op, hulle is ‘n hardnekkige volk.

**10** Laat My daarom alleen sodat My wraak teen hulle kan brand en Ek hulle verteer en Ek sal van jou ‘n groot nasie maak.” Ex. 32:9 en 10.

Maar Moses het as middelaar vir Israel opgetree en יהוה het Israel gespaar, maar Israel moes die gevolge van hulle sonde dra tot Yeshua gekom het (Gal. 3:24-25). Verduideliking hiervan sal later in ons studie bespreek word.

Hierdie verskil tussen die sluit van 'n verbond en die sluit van 'n ooreenkoms, verdrag of lontrak, sal soveel duideliker word wanneer die verbondseremonie later in hierdie studie beskryf sal word en die betekenis van elke deel van die seremonie verduidelik word.

Omrede verbonde nie meer vandag gesluit word nie, het die doel en betekenis van 'n verbond verlore geraak. Gelowiges praat nog van יהוה as 'n Verbondsgod en verwys na verbonde, soos byvoorbeeld na die huweliksverbond, maar dit word gedoen sonder die kennis van die ware doel en betekenis van 'n verbond.

Soos die ware betekenis en doel van יהוה se Torah verlore geraak het, en in hierdie laaste dae herstel word, so het die doel en die betekenis van יהוה se verbond ook verlore geraak. Daarom is dit noodsaaklik om weer opnuut die doel en die betekenis van 'n verbond te ondersoek, want יהוה se verbond en Sy Torah loop hand-aan-hand! Ons moet veral die verskil in die doel en die betekenis van die ou verbond en die nuwe verbond verstaan!

Met hierdie studie moet ons voortdurend onthou dat יהוה se verbond spreek altyd van die Vader se onverdiende guns. Daarom kan die opskrif van hierdie studie ook "Die onverdiende guns van יהוה en die Torah" genoem word.

### **Van Begin Tot Einde**

יהוה-God se verhouding met die mens was vanaf die begin van Sy skepping en tot die huidige gebaseer op grond van 'n verbond. As die Ewige en Almagtige Verbondsgod sal יהוה Sy verbond en die seëninge van die verbond vir ewig eerbiedig. Al wat God van ons vereis, is dat ons Hom so lief sal hê dat ons die voorwaardes van die verbond sal nakom, want dan sal ons ook die seëninge van die verbond deelagtig wees. Deut. 7:9 is bevestiging hiervan!

Weet daarom dat יהוה, jou God, God is, die getroue Magtige God, wat Sy verbond en Sy onverdiende guns hou tot 'n duisendste geslag met dié wat Hom lief het en Sy opdragte gehoorsaam.

Die feit dat יהוה die getroue Verbondsgod is, word deur Jesaja in sy profesie oor die toekoms van Sion bevestig.

<sup>9</sup>"Soos in die dae van Noag is dit vir My, toe Ek gesweer het dat die waters van Noag nie weer die aarde sou oorstrom nie; so het Ek gesweer dat Ek nie vir jou kwaad sal wees of jou sal bestraf nie,

<sup>10</sup>want die berge mag verwyder word en die heuwels mag skud, maar My liefdevolle goedheid sal nie van jou verwyder word nie en My verbond van vrede sal nie geskud word nie," sê יהוה, wat vir jou omgee. Jesaja 54:9 en 10.

Net so gee יהוה deur die profeet Jesaja aan ons die versekering en die belofte aangaande die nuwe verbond met hierdie woorde:

Ek sal 'n ewige verbond met hulle sluit: dat Ek nie van hulle af sal wegdraai om aan hulle goed te doen nie en Ek sal My respekvolle vrees in hulle verstand, wil en emosie gee sodat hulle nie van My af sal wegdraai nie. Jer. 32:40.

### **Hoekom sluit יהוה 'n Verbond met die mens?**

In die lig van יהוה se liefdevolle omgee en begrip met die mens se swakheid en geneigdheid tot wantroue, het God van alle moontlike middele gebruik gemaak om totale afhanklikheid van Hom en algehele vertroue in Hom te herstel, asook die vertroue dat Hy in al die mens se

behoefte sal voorsien volgens sy rykdom en almag. Met dit voor oë het יהוה met die mens 'n verbond gesluit en is Hy nou moreel en wetlik verplig om die verbond te hou.

Ja, die verbond moet as 'n wetlike verbintenis gesien word wat deur die “Hemelse Hof” erken word.

יהוה het egter nie nodig gehad om met die mens 'n verbond te sluit nie, want God se woord is voldoende.

Die Magtige God is nie 'n man dat Hy sou lieg nie, of 'n mensekind dat Hy jammer sal wees nie. Het Hy gesê en sal dit nie doen nie, of het Hy gepraat en sal dit nie waar maak nie? **Num. 23:19**

יהוה is 'n waarmaker van Sy Woord en dit behoort vir die mens voldoende versekering tot onwrikbare vertroue in God se goedheid en guns te wees! Nogtans was יהוה bereid om deur 'n verbond Hom te laat bind aan Sy Woord. Vir die mens is dit dus 'n dubbele versekering, naamlik God se Woord wat vir altyd vas bly staan en die verbond waarin die beloftes vervat is en nie verbreek mag word nie.

As 'n God van liefde is יהוה bereid om Hom deur 'n wetlike ooreenkoms te bind as bewys van sy onverdiende guns wat Hy betoon aan die wat Hom so liefhet om al die verbondsvoorwaardes na te wil kom. יהוה-God is inderdaad die getroue Magtige God, wat Sy verbond en Sy onverdiende guns hou tot 'n duisendste geslag met dié wat Hom liefhet en Sy opdragte gehoorsaam.

Bogenoemde is waarlik goeie nuus! Dit is so oorweldigende goeie nuus dat die mens se geaardheid neig om te wil sê: “Maar dit is te goed om waar te wees!” Die feit is egter dat ons Hemelse Vader 'n Verbondsgod is wat sy goedheid en guns op ons uitstort – op die wat Hom waarlik liefhet en die verbondsvoorwaardes nakom!

Die nuwe verbond is 'n waarborg en gemoedsrus dat יהוה se onverdiende guns en liefdevolle omgee my al die dae van my lewe sal volg en dat ek vir ewig in die huis van my Vader sal bly waar oorfloed en beskerming is (Ps. 23). Daarom is die nuwe verbond die anker van die mens se siel.

Geseënd is die mens wat derhalwe יהוה-God as sy Verbondsgod ken en volle insig het van die doel en betekenis van die nuwe verbond. Kennis van wat God vir die mens wil doen, die versekering dat dit deur God Almagtig gedoen sal word, die gepaardgaande gemoedsrus in totale afhanklikheid en oorgawe – dit bring 'n nuwe dimensie in elkeen se geloofslewe. Die verbond is die basis van 'n oorwinnaarslewe in Yeshua, Die Gesalfde Een!

Daarom kan elke gehoorsame verbondskind die volgende geloofsekerheid hê:

Al die paaie van יהוה is liefdevolle goedheid en waarheid vir dié wat Sy verbond en Sy getuienisse hou. Psalm 25:10.

Die paaie van יהוה is liefde, onverdiende guns en waarheid. Hiervolgens is dit duidelik dat die wat God se verbond bewaar, asook die voorwaardes van die verbond hou, sal geseënd wees. Ten einde iets te bewaar moet ek weet wat dit is wat ek moet bewaar. Kennis van die ware betekenis en doel van die nuwe verbond, in teenstelling met die ou verbond, is dus noodsaaklik en sal in hierdie studie bespreek word!

Waar kry ek hierdie kennis? Is dit moontlik om יהוה se verbond ten volle te verstaan? Sal God die ware betekenis van die nuwe verbond aan my openbaar? Die antwoord hierop is 'n besliste “ja”, want:

Die geheime van יהוה is vir dié wat Hom respekvol vrees en Hy sal Sy verbond aan hulle bekend maak. Ps. 25:14

Die Amplified Bible stel dit nog meer duidelik:

The secret (of the sweet satisfying companionship) of the Lord have they who fear – revere and worship – Him, and He will show them His covenant, and reveal to them its (deep, inner) meaning.

Die wat יהוה respekvol vrees, hoog ag en aanbid, deel die geheimenis van die soet en bevredigende verhouding met die Vader wat tot gevolg het dat die dieperliggende en ware betekenis van die verbond aan hulle bekend gemaak sal word.

יהוה sal dus die geheimenisse van die nuwe verbond bekend maak aan die wat Hom in liefde en gehoorsaamheid dien. Indien God dit nie self aan elkeen openbaar nie, is daar geen manier wat die mens die ware betekenis van die verbond sal verstaan nie. Elkeen moet 'n Goddelike openbaring deur die Afgesonderde Gees ontvang om die nuwe verbond ten volle te kan verstaan. Sonder dié openbaring deur die Gees sal dit blote menslike wysheid wees en sal die ware krag, doel en betekenis van die nuwe verbond verlore wees!

יהוה se uitsluitlike doel met die nuwe verbond is om die verhouding tussen God en die mens te herstel en om die mens terug te bring tot die punt van 'n absolute onwankelbare vertroue in Hom en 'n lewe van algehele afhanklikheid van Hom. 'n Verhouding soos bestaan het tussen God en die mens voor die sondeval.

**Opsomming:** Volle begrip van die werklike betekenis van die verbond met God was die rede vir die geloofsreus van die verlede. Vir hierdie manne en vroue was die beloftes en krag van God 'n absolute werklikheid wat hulle lewens oorheers het. Hulle daaglikse wandel was gegrond op die verbondsverhouding met God. Die feit dat hulle die seëninge en versekering van die verbond verstaan het, en ook geweet het watter plek hulle in die verbondsverhouding beklee het, het van hulle geloofsreus gemaak, naamlik Godsmanne en Godsvroue wat die vrug van die Gees gedra het en deur wie wonders en tekens plaasgevind het.

Die openbaring van die dieperliggende betekenis van die verbondsverhouding met God sal van jou ook 'n geloofsreus maak.

יהוה is 'n getroue God wat Sy verbond en die goedertierenheid van Sy verbond hou vir die wat Hom liefhet en יהוה se verbond is Sy onverdiende guns!

-0-0-0-0-0-0-0-0-

Ontvang יהוה se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).

Shabbat Shalom!

Johan.

Epos: [kontak@nuwelielied.info](mailto:kontak@nuwelielied.info)

Webwerf: <http://www.nuwelielied.info>

*Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.*